



ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Veilige hawe in sig?

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ✍ Christelike opvoeding
- ✍ Christelike Onderwys en
- ✍ Christelike Wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk” (2 Tim 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die Here is die beginsel van die Kennis”. . . (Sprenke 1:7).

“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het” (Matteus 28:18-20).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk - vgl Hand 1:8 ■

Pastoor H Giesen

Sekretaris-generaal van die Duitse “Kirchentage”, 1959

SKRIFLIG

Eks. 20:10; 1933/53-Bybelvertaling: “Maar die SEWENDE DAG is die sabbat VAN DIE HERE JOU GOD; dan mag jy geen werk doen nie.”

MAAR! MAAR! MAAR!

By ons mense is daar geen sprake meer van die bestaan van hierdie “MAAR” nie. Ons jakker maar aanhoudend en voortdurend rond. Op dié manier gly ons maar voort – dwarsdeur ons lewe – en op ons begrafnisbrief staan daar in duidelike swart letters: “Hy/sy het geleef vir sy/haar werk.”

Wie sy werk nie kan of wil onderbreek nie, vergeet dat dit God is wat hierdie “MAAR” in Sy wet neergeskryf het. . . Om te rus van ons alledaagse bedryf en om aan die Here onse God Sy dag te wy wat Hy opeis. Die nakoming van God se bepaalde frekwensie is noodsaaklik vir die lewe van Sy volk . . . só proklameer Hyself!

Wie hierdie sewende dag nie tot sy reg laat kom nie – wil daarvan ook maar net ’n gewone werksdag maak – of, net so erg, wat wel werk onderbreek maar dié pouse nie gebruik om stil te word voor God en om te antwoord op Sy woord in kinderlike kommunikasie nie – hy stuur af op die rampspoedige oomblik van ontnugtering wanneer al sy werke deur sy vingers gaan glip soos krale uit die hand van ’n kind, om in die sand van waardelose vergetelheid vertrap te word!

Só verpas ons ons lewe!! Ons sê dat ons werk – maar ons swoeg om uiteindelik ’n verlies op ons lewensboek te toon! Ons tel nou ons wins –

maar dink nie daaraan dat ons maar net die afrekeningsdag aanskuif nie! Ons sê dat ons geen tyd het nie, terwyl ons besig bly met ’n wrede humanisties/materiële slawerny wat eerlang uitloop op sturings in ons liggaamfunksies . . . en veel erger.

Vandag is redding nog moontlik vir hom wat sê: “tot hier het ek gesondig in hierdie opsig, MAAR . . . van vandag af besluit ek om God te gehoorsaam: Sy rusdag sal voortaan ook my rusdag wees. Ek wil ook uitrus en verkwik word in God se teenwoordigheid.”

Gebed – Here God, my hart verlang daarna om vry te word van my materialistiese slawerny. Laat my tog eindelijk tyd maak vir u . . . want U wag op my. Amen.

IN HIERDIE UITGAWE

- INVLOED VAN KUNS 2-4
- NUWE SEKSUALITEIT 5-7
- SA EN GEWELD 8-9
- VAKKE VS LEERAREAS 10-11
- WAARHEEN MET
GESKIEDENIS 12-14

Die invloed van die kuns op die denke van vandag

Prof. Johan Janse van Rensburg

(Hierdie is 'n geredigeerde weergawe van 'n rede wat tydens 'n geleentheid van die Bloemfonteinse Kultuurvereniging gelewer is, en met die nodige vergunning gepubliseer word, met dank teenoor die spreker. Prof Van Rensburg is verbonde aan die Fakulteit Teologie van die Vrystaatse Universiteit.)



Die tafel wat hier staan het my nie net op my senuwees gemaak nie, maar my ook herinner aan die onvergeetlike ervaring wat ek in London gehad het, tydens 'n besoek daar aan die Nasionale Museum. Die rede waarom die tafel my senuagtig gemaak het is omdat hier 'n glas staan op die randjie van die tafel, en daar 'n blompot, wat, as die spreker 'n bietjie driftig word, dit gaan afval. Nou waarom herinner dit my aan die galery in London?

In die galery is daar 'n skildery deur die Italiaanse skilder, Caravaggio, een van die grootmeesters wat veral temas rondom die lewe van Christus geskilder het. Daar is 'n skildery van die Emmausgangers. Ek het voor die skildery gestaan – ek is self 'n skilder – en die skildery het my nie vreeslik beïndruk nie. In die middel van die skildery sit Jesus aan tafel en weerskante van Hom die Emmausgangers. Agter Hom staan 'n man, en op die tafel is daar brood en 'n vrugtebak. Mooi, maar wat daarvan? Toe luister ek na die kommentaar op 'n disket wat die interpretasie van die skildery verduidelik. In die skildery is Jesus besig om die brood te breek.

Op die oomblik dat Hy die brood breek, gaan één van die Emmausgangers se arms oop in absolute verbasing; dis Hy! Die ander Emmausganger skrik so toe hy besef dat dit die Here is wat gekruisig is dat hy, terwyl hy met sy arms op die leuning druk, uit sy stoel opspring. Dis Hy! Die oomblik van ontdekking, die oomblik van waarheid. Maar, helaas, die herbergier agter Jesus staan onaangeraak. Hy het nie 'n idee van wat daar aangaan nie, en hy het geen emosie oor daardie oomblik nie.

Waarom hierdie glas en blompot my herinner, is dat voor op die tafel in die skildery daar 'n mandjie met vrugte staan. Maar die mandjie staan só dat dit na enige kant toe kan gaan. Toe ek die skildery sien, sê ek: "Dit werk nie, want daardie vrugtemandjie gaan nou-nou daar afval". Toe luister ek na die verduideliking, Caravaggio wou met die mandjie vrugte op die rand van die tafel die oomblik van waarheid uitbeeld. Daardie bak met vrugte kan met die geringste beweging val. Die herbergier wat hierdie moment van waarheid kon beleef, staan by Jesus maar hy is steeds verlore omdat hy nie weet wie Jesus is nie: hierdie kant toe of daardie kant toe. As jy ooit 'n afdruk van daardie skildery sien, of as jy London toe gaan en die Nasionale Galery besoek en dit ontroer jou nie as jy na die skildery kyk nie, het jy nie 'n hart nie.

Watter verband hou dit met die tema van vanaand? Dit gaan vanaand oor kuns en geloof, kuns en kultuur. Dit gaan oor die kuns van interpretasie. Dit het alles te make met die interpretasie van kuns in die tyd van Caravaggio, die tyd van die Renaissance, maar ook vandag. Want die soort van kuns wat ons vandag

aangebied word, is totaal anders. Terwyl Caravaggio in sy interpretasie 'n ongelooflike boodskap oor Christus uitstuur wat jy amper nie eers in 'n preek beter kan weergee nie, is die boodskap wat vandag via kuns uitgestuur word presies die teenoorgestelde. Nie alleen word daar in die kuns op 'n ontheiligende manier verwys na die dinge wat heilig en mooi is nie, soos die seksualiteit in die huwelik, en vriendskap en al die ander mooi dinge, maar die kuns in sy verskeidenheid van vorme beeld Jesus op 'n onheilige en lasterlike wyse uit as iemand wat 'gay' was, wat met 'n prostituut omgang gehad het, wat getroud was en kinders gehad het. Jesus, so is onlangs gesuggereer, was 'n leeglêer wat 'n klomp 'nobodies' rondom Hom vergader het. Dit is maar 'n paar voorbeelde van wat vandag via die kuns van Jesus gesê of uitgebeeld word.

En 'n mens wonder waar dit uiteindelik gaan eindig, en wat alles nog vir ons opgedis sal word. Jy wonder ook waar kom dit vandaan, waarom is dit so, hoe het dit gebeur? Daar is baie redes wat daarvoor gegee kan word, wat ek nie kan bespreek nie. Die een waarna ek wil verwys is die paradigma-verskuiwing na postmodernisme. Volgens die postmodernisme is daar nie absolute waarheid nie. Alles wat absoluut is, word gedekonstrueer. Alles wat waar is, soos die Bybel as die Woord van God, word verwerp en ongeloofwaardig voorgestel.

Daar is 'n bepaalde rede waarom juis Christus die sentrum is van hierdie aanval en waarom, op verskillende maniere Christus dus

Vervolg op bl 3

Vervolg van bl 2

gedesakraliseer word. Dit is omdat Christus die HART van die Christendom is; omdat dit die HART van die belydenis van die kerk is, **JESUS CHRISTUS DIE HERE**. Jesus vra vir Sy dissipels: "Wie sê julle is Ek?" Petrus sê: "U is die Christus, die Seun van die Lewende God". Die Here Jesus sê: "Op hierdie belydenis sal Ek my kerk bou". Ondergrawe die fondament en die kerk stort in duie. Daarom dat daar oor Jesus Christus, veral in die kuns, in die verskeidenheid van sy vorme soos digkuns, skilderkuns, rolprente, televisie, musiek, 'n karikatuur van Jesus geteken word sodat die heiligheid, die onaantasbaarheid van Christus, as Seun van God en as Verlosser van die wêreld weggeneem en vervang kan word met 'n gewone Jesusfiguur (ook maar mens!), wat getroud was, of losbandig gelewe het, 'n dronkaard was, of wat ookal.

Wat ontstellend is, is dat daardie aanslag deur Christene gelate aanvaar word. Daar is predikante en daar is teoloë, ek kan hulle opnoem en die predikante wat hier is sal hulle name ken, wat dit alles verdedig, wat sê: "Hoekom reageer julle so heftig?" Daar is natuurlik nie baie wat beswaar teen *The Da Vinci Code* en ander vorms van lastering maak nie. Wie van ons reageer nog? En as iemand sou waag om daarteen te reageer in die pers of in die openbaar, dan word daar met ongeduld gevra: "Waarom reageer julle so heftig? Dis net fiksie. Julle is kinderagtig en julle is belaglik as julle reageer, want kan almal dan nie sien dat dit fiksie is nie." Is dit? Dan Brown het eers 'n jaar na die boek (*The Da Vinci Code*) verskyn het, erken dat dit fiksie is. Hy het daardie boek die lig laat sien en u weet daar was 'n groot opskudding in die pers, en in die publiek oor dié boek – natuurlik lank voor die rolprent gemaak is. Gewoonlik is dit die gebruik, en u sal dit oor en oor sien en u sal dit ook weet dat as daar 'n storie geskryf word, of 'n artikel, of 'n boek wat verskyn, soos 'n roman, dan staan daar: "Al die karakters in hierdie verhaal is fiktief". Brown het dit nie gedoen nie. Hy het al die inligting, al die name, al die plekke,

al die persone, al die artefakte in daardie verhaal ingewef, op so 'n meesterlike manier, dat dit die indruk skep van egtheid, waarheid, asof dit só gebeur het, asof die kerk dit al die jare toegesmeer het. Die grootste komplot van alle eeue, word gesuggereer. Die hele verhaal handel oor die openbaar-maak van die toesmeerkomplot. Iemand wat van die verskriklike geheim weet dat Jesus met Maria Magdalena getroud was, word vermoor. My vraag is: "As dit as fiksie aangebied was, waarom is eers 'n jaar later erken dat dit blote fiksie is?" Daar is ook nóg 'n vraag wat ek vra, soos byvoorbeeld: "Was daar by sommige Christene dalk 'n onsteltnis dat dit waar kan wees? Is mense in hul geloof geskud?" Ja, is my antwoord en dit is een van die redes waarom ek wil sê: "Jy kan nie dinge somer net so aanvaar nie, jy kan mos nie net jou skouers optrek en sê dit maak nie saak nie, dat mense in hul geloof, in hul fundamente geskud word nie. Moet ons dan werklik daarvoor stilbly?"

Ek wil 'n tweede vraag vra: "As dit blote fiksie is, waarom word dit juis só aangebied?" – en u sal verstaan ek verwys nou nie net na die boek van Brown nie. Ek sou vir u voorbeelde kon noem van die mees skokkende en die mees lasterlike aanvalle op die persoon en werk van Jesus Christus.

'n Kunstenaar wat 'n beeld maak van wat opsigtelik die lydensgestalte van Christus is, met uitgestrekte arms, 'n hoof wat hang, 'n gesig met die karaktertrekke van Christus, maar die lyf van 'n bok. En daar is predikante wat sê daar is niks mee verkeerd nie. Daar word vir die kunstenaar gevra wat hy met die beeld bedoel? Die kunstenaar sê hy het nie bedoel om die Christelike geloof aan te val nie. Hy het dit nie in gedagte gehad nie; hy is nie 'n Christen nie; hy het niks met die Christendom te doen nie. Waarom dan juis die Christusfiguur?

'n Ander skildery wat deesdae baie opslae maak – in die positiewe sin van die woord – is 'n figuur wat nakend sit met sy hande in sy hare, en sy lyf oortrek met swere wat deur VIGS veroorsaak is ... Jesus het VIGS! Die bedoeling is om te wys

dat Jesus ook met die VIGS-lyers identifiseer.

Ek was die afgelope paar dae by 'n internasionale konferensie oor prediking waar hierdie foto van die skildery gewys is. Van die oorsese teoloë was blykbaar nie bewus daarvan nie. Hulle is in ekstase, vind dit 'n pragtige gedagte: Jesus het Hom vereenselwig met die vigslyers; maar hulle het nie insig om te vra hoe ver gaan hierdie interpretasie nie. Kan jy nou ook sê, Jesus vereenselwig Hom met die lyding van 'n alkolis en jy skilder Hom as 'n alkolis?; Jesus vereenselwig Hom met die lyding van 'n skisofreen en skilder Hom as 'n skisofreen? Ek bedoel, is daar dan nie grense nie? Waarheen loop dit alles? Die lastering word net al hoe meer. Wat 'n mens dan bekommer is die feit dat daar mense is wat daarvoor 'n weinig omgee. 'n Vrou wat lidmaat van die kerk is, deel my mee dat sy geen probleem daarmee het as Jesus getroud sou wees en kinders sou hê nie. Sy begryp duidelik niks van die persoon en werk van Christus as enigste Middelaar en Verlosser nie!

Is daar dan geen vrees vir die Here nie? U sien in 'n postmoderne paradigma is daar geen vrees nie. Daar is geen absolute waarheid nie, daar is geen absolute norm nie. Daarom kan jy sê en doen net wat jy wil. Kuns word die instrument, die voertaal om die postmoderne gedagtes die wêreld in te dra.

As u nou gaan kyk na die literatuur oor postmodernisme, dan ontdek jy dat dit van die mees ingewikkelde literatuur is wat jy kan kry. Jy lees dit omtrent vyf keer oor en dan het jy nog nie 'n idee wat daar staan of wat jy gelees het nie. Jy gaan nie met so 'n filosofie die wêreld oorwin nie. Hoe oorwin jy die wêreld? Deur digkuns, rolprente, televisie, skilderye en musiek. Ek het nou die dag amper van my stoel afgeval toe ek na 'n televisieprogram kyk, 'n rolprent, en die held van die verhaal sê 'n sin wat net sowel uit 'n filosofieboek oor postmodernisme kon kom. En daardie mense wat na die program kyk, wat nooit 'n boek oor die postmodernisme sal lees nie,

Vervolg op bl 4

Vervolg van bl 3

hoor die postmoderne filosofie uit die mond van 'n held, en hulle praat dit na. Dit word die kultuur van die jongmens. Juis daarom is dit so gevaarlik. Juis daarom was die kuns dwarsdeur die eeue die draer van filosofiese gedagtes. Nou wil 'n mens vra: "Waarom sien ons dit nie raak nie? Waarom is ons rustig oor hierdie dinge wat vir ons heilig is?" 'n Afrikaner was vir my nog altyd iemand wat die Woord van God as absoluut gesaghebbend aanvaar, met 'n erfenis wat mooi is. Nou is daar baie wat vandag Afrikaners is, wat sê dat hulle Afrikaners is, wat Afrikaans praat, wat aan Afrikaanse kerke behoort, wat God in Afrikaans aanbid, maar wat met hierdie goed geen probleme het nie; wat nie eens daaraan sal dink om beswaar te maak as die Naam van ons Verlosser so deur die modder gesleep word nie. Iemand het geskryf – ek dink dit was in vandag se koerant – dat as dit Moslems was wie se god en wie se profeet gelaster is, sou jy

'n ander storie gesien het. Maar die Christene, die Afrikaners, is swygzaam. Dit is alles deel van die groot komplot waaronder ons geplaas word, sonder dat ons dit besef. Ek begin vra: "Verstaan die Afrikaner, wat hom roem daarop dat hy 'n Christen is, nog wat die Bybel sê? Leer ons ons kinders nog wie Jesus is, of leer hulle wie die media, die kuns, die rolprente en die letterkunde sê Jesus is?" 'n Kind wat nie in 'n verbondshuis grootgeword het nie, of wat in 'n verbondshuis grootgeword het en nie deur sy/haar ouers geleer is wie Jesus is nie, en Dan Brown se boek lees, sal sê: "O!" En dan word ons kinders groot, ons Afrikanerkinders, ons verbondskinders in 'n omgewing waarin Christus gelaster word.

U het nou verneem dat ek in die *Kerkbode*-artikel daarna verwys het dat in Openbaring 13 daar iets ontstellends geskryf staan: Openbaring 13: 5 lees soos volg: "Die dier wat uit die see opkom is toegelaat om verskriklike dinge te sê en te laster en om twee en veertig maande


lank gesag uit te oefen. Hy het teen God begin laster, hy het God se Naam en sy woonplek en dié wat in die hemel bly, belaster."

Dan wil ek weer vra: "Hoe lank gaan ons nog stilbly en dit gelate aanvaar?" As ons by die staat oor die behoud van Afrikaans beswaar wil maak, en ons behoort te protester, moet ons dan nie ook beswaar maak oor die verskriklike lastering teen Jesus Christus nie? Is dit dan nie net so belangrik, ja, selfs belangriker nie? Ek wil u net vra: "Moet u nie laat mislei deur die argumente van mense en teoloë wat sê: 'Dit is net fiksie, vir wat ontstel jy jou so?'" nie. Ek is daarvan heilig oortuig dat die doel van al hierdie lastering is om die onaantasbaarheid van Christus as Verlosser aan te val, sodat mense nie meer in Hom sal glo nie. Satan weet sy tyd is min, daarom probeer hy om Christus in die oë van die mense te verkleineer.

Daarom: Staan op vir die eer van Jesus. Hoor u die ou Halleluja-lied? Staan op, staan op vir Jesus!



Teenstellende (antitetiese) werklikheidsbeskouings



The new sexuality as determined by its worldview

Implications (of for instance feminism, homosexuality, etc.) for the family, education and the church

- Dr Peter Jones

(Hierdie is die tweede en laaste deel van die referaat. Die eerste daarvan het in die Junie- uitgawe verskyn.)

Here is the circle representing Paganism. Very quickly I want to tell you of the five points of Paganism. You probably already learned the five points of CALVINISM. Now you will know about the five points of PAGANISM, which isn't too bad to know about in our day and age.

The first one is all is one, and one is all. It is the notion that everything is within this circle. That is why it is the theory of ONENESS OR MONISM. See that 'mono', one, and every thing is in the circle – human beings, animals, rocks, trees and of course God. God is understood in Paganism in pantheistic terms, that is, God is in everything; and there are so many leading folk in the modern world who are buying into this new definition of God. The God who is a *pantheistic force*. You remember that inspired prophecy by OB Wang Canoby. To the young-looking skywalker in *Star Wars* the force is an energyfield created by all living things. It's around us, it penetrates us, it binds the galaxies together, it is all powerful and controls everything. Interestingly, in *Ancient Neo Platonism and Hermiticism*, God is not a divine person but a force. There is nothing new under the sun, so God is understood as a force. I recently read that in Great Britain where I grew up – where as a young boy in a state-school we began everyday with the headmaster reading a Scripture, leading in a hymn and prayer – that this no longer happens in Great Britain. But that's what I

knew. In Great Britain today only 22% of the British UK folks believe in a personal God, 44% believe that God is a force. This view of God is succeeding in Ancient Christian Cultures, who have been traditionally Christian; God as a force.

The second point of Paganism is: Humanity is one. Each human being is a sort of compressed notion of the whole concentrated cosmic energy. Here's what the point of the lecture earlier is interesting, because sort of this part of this notion of the universal man, each human being is the same as any other human being, because each human being possesses what the whole possesses namely the divine spark. This is a notion of humanity that is making great progress in our world today. Obviously, for Christians it is the oddest notion of all; we know that the Bible teaches that man is simple, that man is not divine; but how many people in our modern world are buying this lie. That is the solution to how we can bring everybody together. If we are all divine, then indeed we can bring the world together. We can decide upon what we believe about ourselves, and how we act the way we want to act, because anybody who is divine knows how to lead his life.

This notion of all human beings united translates at the level of religions in the same sense, all is one, all humanity is one, all religions are one. You can understand this idea with the notion that all religions

are basically the same. That is the way our children are raised in the State schools, that's the way the sincretistic states of our modern world want to communicate the ideology of Paganism. Maybe they don't fully understand the whole context of what they are saying, but our modern states are completely committed to this view of the world. Every religion has a little piece of the TRUTH. So no religion can stand apart and claim to be exclusive or different; all religions are being forced into this notion of a unified whole. The theory is of course that every religion at the centre of it's own particular view has the same quest for union with the divine, and actually becoming divine.

There's one problem – this is the fourth point – the one problem is that the world is not together. We have observed that this circle is divided. The reason for the division is not humankind. The reason is that these individuals have simply failed to understand their true nature. If we could just realise and get back in touch with our higher selves then we could bring the world together. The problem is identified as one of knowledge. Some of you are interested in Narcissism – that of course is the very essence of the gnostic view of the world – the problem is not sin but sleep, we are asleep to our own true nature. But that's the problem, it is not a moral

Vervolg op bl 6

Vervolg van bl 5

problem, it is not a problem of rebellion of human beings against the Holy God, it's this failure to remember who we are, and in this state of sleep we make distinctions. We begin to believe our superficial understanding of the way the world is, as divided into different parts and distinct elements, but these things must be illuminated. So right and wrong are merely expressions of my own take on things, but there is no ultimate distinction between right and wrong. Right and wrong are simply relative points on the circle. That's of course what a circle does for you, it makes everything on the circle relative. As Dr Durand was saying earlier about right and wrong that we just choose what makes us feel good. It is part of this religious system which relativises every distinction. In the system then all distinctions are merely relative notions; and they must ultimately be illuminated as I said to you earlier concerning Jung, that the mature human being as he thinks about wholeness is able to transcend the opposite, that is to say to relativise what we have been told of objective distinctions. Let me just give you a list of these distinctions that, according to the Pagan system, must go: The Creator of creature distinction must go; Christ and Satan are merely relative points on a circle; God and man; animal and human; we tend to think that humans are more important, now we are told that we are all earthlings; there is no fundamental distinction; life and death, heaven and hell; truth and falsehood, right and wrong; here is one where I will just stop for a moment: of course male and female. As you have been watching the slow movement of your culture in its attempt to completely eradicate distinction between males and females and being presented as some kind of democratic civil right worthy to be supported, what about the notion of the truth of the matter

deep down? However, you might need to see the injustices of certain situations, that this is a spiritual NEO PAGAN agenda to eliminate distinction. That's why in our churches we must be so very careful what we do with the male/female issue. To simply take it as a matter of justice is a failure to understand the deep cosmological issues that have been fought out in the world today and we are ignorant of them even as reformed people. We are really trying to follow the world's notions of justice, rather than understand the way God created the heaven and the earth. There is one solution to this whole mess – there is one way of getting rid of distinctions; there is one way of bringing this circle together, this universal man, this utopic society, and you know how you do it. Interesting the connection with the previous lecture again – that notion of intuition and of spontaneity about which you heard, actually depends upon a determined effort to expose oneself to a pagan experience of the occult. In other words this is not just a theory – this unity of all things – and you see it is a perfectly well worked out coherent system. Don't dismiss this as just pagan; it is an attractive system and it is catching the mind of many of our intellectuals today. This is being taught in certain pieces and sometimes as a holistic view in our universities across the face of the world. The politically correct ideology of our universities very quickly translates into this kind of thinking. We are dealing with a system which is intellectually very powerful in our time, but the way in is not so much the intellect, because again the intellect is being suppressed in our time and so it's not reason but unreason, that is the door to this kind of spiritual power. When you read the ancient Gnostic texts, when you read the Buddhist and Hindu texts, they present to you what's called ancient technics, and of course the modern technics as well. I was in a lecture two days ago by a black African. It

was an amazing analyses of African tribal religion. I sat there with my mouth wide open, because all the technics that he described in traditional African religion are exactly the technics that I'm reading in the modern Jungian psychologist books on transpersonal psychology. Isn't that amazing.

There is nothing new under the sun and we just keep going back; we claim that we are on the cutting edge of a new man, a new Utopia, and actually we are going back to the ancient world to try to find spiritual power. So you have these technologies of the sacred and the essential first move in these technologies – and I said both ancient and modern, is to kill the mind, destroy the mind. Is that what the apostle Paul said in Romans 12: 2? – “Transform the mind.” But this new way is to stop thinking. Young people could use this on their parents and could say: “I'm at my best when I'm not thinking, so I will not do my homework”. Of course that doesn't work in the real world. But in these technics if you start thinking you will destroy your ability to have the so-called unity of experience which joins all the opposites in an amorphous whole and by which you transcend the distinctions and the opposites to create your own world of your own choosing. And in that moment of trans gained by meditation, yoga and all these things, you are receiving occultic power; that trans is the essence of this *Neo Paganism*.

I promised you I would speak about sexuality, but I was encouraged to present to you this world view of the circle so that you can understand then how this notion of the new sexuality is an expression, a natural easy expression of this monistic view of everything. Remember that definition of June Singer I gave you, she said that Androgeny was the sacraments of monism.

Vervolg op bl 7

Vervolg van bl 6

I promised you that I would at least cite some homosexuals who argue that homosexuality is a spiritual state. A gay spokesman at a spirit gathering said: "We feel there is a power in our sexuality, a strange energy that most cultures consider magical. It is simply easier to blend with the nature spirit, or the spirit of a plant, or an animal, if you are not concerned with the gender specific role".


I have many citations of homosexual spiritual leaders but I won't take the time to cite them to you. But I do want to say this: if you are interested in an indepth study of this, I wrote an article that puts it all out, which is on my website. If you want to go to that then you can take it off that website and use it. The website is: cwipp.org and it is called: Androgeny – the Pagan sexual ideal. I published this article actually in the *Journal of Evangelical Theological studies*. It was well received by theologians. I'm just recommending it to you if you want to go deep into the whole issue of the spirituality of homosexuality. There you will get all the details.

There is something it seems to me, essentialist about the homosexual state and pagan religion. When you think about it as I indicated, you see on the physical level in homosexual love, both partners get to be both male and female and therefore on the physical level join the opposites of male and female and that has spiritual repercussions in the life of a person. The Apostle warns us to be beware of sins against the body. It is as if they are imprinted upon us in such a deep way, because we are messing with the image of God at that deep level and so our young people that are playing around with homosexuality as just one more option to be chosen, have no idea of the spiritual implications.

I believe this is a new day for Reformed theology. I don't think it is the time for us to withdraw into our ghettos and in fear and panic just

create great fortresses of orthodox doctrine around us and hope it will go away – all these problems in society. I believe this is a new day for hearing the Reformed faith in new ways, not to think that we can invent anything new, but simply the way we think about the Reformed faith as an apologetic to the world around us, in particular in this sense. Our young people are being brainwashed in to believing that Christianity is just one piece of this pie; and that if you ever said that Christianity was unique, you would be dismissed in the mind-numbing political-correct atmosphere of our high schools and universities today as someone who is close-minded, unintelligent and stupid. I don't want my children thinking that about my faith. I want my children to be confident, to be positive, to be proud of their faith. How do you do it? There is one way of saying it and it is this: Christianity will not fit into the monistic circle because we do not draw one circle, we draw two circles. We draw the circle of God, the transcendent Creator of heaven and earth. For the monists and New Pagans all is one, for Biblical theists all is two. The twoness of existence is a radical notion in our all inclusive societies of today. But you can see that once you show to someone that the Biblical system has to have two circles in order to maintain its integrity, then in the post modern world at least people have to grant you your right to tell your story and be heard. They might not like the story, but it is your story, it's the Bible story, and it is fascinating how the essence of the Biblical faith follows from the twoness of existence. The Biblical doctrine of God is the transcendent Creator along with his incommunicable attributes; the mystery and grandeur of God; the Lordship, sovereignty and hierarchy of the Lord; human dignity, a creation made of distinctions; the twoness of creation making personhood possible; the twoness of creation making rationality possible; the twoness of

creation making history and eschatology possible since there is an absolute beginning and therefore one can image an ending. The twoness of creation creates the understanding of the distinction between right and wrong and the objective notion of good and evil; the twoness of creation establishes clearly the need of special revelation, as the upper circle must communicate with the lower circle of creation in order that creatures may understand anything about the nature of existence. The Biblical notion of sin depends upon this format; of cause also the Biblical understanding of redemption and reconciliation. The necessity indeed of the incarnation; the Creator became the creature and as the churchfather said: "Without confusion, Jesus is the only Way; is the only Mediator between God and man; between the Creator and the creature". The Biblical notion of the resurrection of the body. Pagans are all in favour of spiritual resurrection, but the notion of physical resurrection is unthinkable. The reason be of cause, the physical resurrection has to be physical because God is the Creator of the physical body. God will not let Evil have the final say on the good physical creation God made; the notion of covenant love; the notion of prayer – Christians don't practise meditation which is staying within the circle and going within; they speak to God, our Father, who is in heaven.

The notion of praise; Pagans are in love with this circle, with nature; nature becomes the absolute reference point; it becomes the source of spirituality which you see if you praise nature and if you are part of nature. If your nature is divine and you are divine, then praise is self-praise. Whereas, when God is the Creator distinct from us, praise takes on what we needeth to need. Then we can give to the Lord, praise to God and He who deserves it, excepts it from us, and to Him be all glory. Amen. 

Geweld en die SA-samelewing

Kantaantekeninge oor die wese van geweld in Skrif-perspektief

- Opgestel deur Dr. Chris L. Jordaan en Genl. -maj. Chris van Zyl (afgetree)



Dr Jordaan



Maj. Van Zyl

Agtergrond

Die dood van mense is in Suid-Afrika hoofsaaklik tot statistiek gereduseer. Teen 'n gemiddeld van 24 000 per jaar wat in geweldsmisdade sterf – dan word die “psigiese gewondes” buite rekening gelaat – kos dit die land reeds 288 000 lewens in sy oorgang na 'n sekulêre staat.

Die Republiek van Suid-Afrika is 'n sekulêre 'n staat. Dit word weerspieël in die *Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika* (Wet 108 van 1996). Dit word verder versterk

deur die aanvullende wetgewing en die beleidsuitsprake van sommige politieke leiers van veral die regerende party en sy sosiaal-demokratiese bondgenote.

Die voortgang van die sogenaamde *National Democratic Revolution* soos gewortel in die proses van die *struggle* gaan nou 'n volgende fase binne. Die rewolusionêre proses word as 'n kontinuerende rewolusie ervaar en al hoe duideliker vind ons die bewys daarvan in die landelike omgewing en plaaslike gemeenskappe.

Die eerste fase was dié *Broad Based Black Political Empowerment*. Dit was die politieke onderhandelinge en staatkundige herstrukturering van die staatsadministrasie tot op die derde regeringsvlak.

Die tweede fase is dié van *Broad Based Black Economic Empowerment* wat die ekonomiese oorname van bestaande ekonomiese instellings beteken. Dit is die geleidelike nasionalisering van groot en medium ekonomiese eiendomme soos besighede en produksie-eenhede deur die werkers.

Die derde fase van geleidelike oorname is dié van *Broad Based Black Cultural Empowerment*, waar die volkskultuur in skole, organisasies, kerke en sport deur die verteenwoordiging uit die sosiale gemeenskap volgens persentasie verteenwoordig moet word – direk aangesas en selfs tot niet gemaak word.

Gedurende hierdie fases van die rewolusionêre proses bly geweld altyd 'n onderliggende stroming wat óf onbeheersd voortgaan óf gebruik word om steun te werf of menings te vorm. Suid Afrika is nog steeds in hierdie proses van rewolusionêre herstrukturering en geweld is endemies daaraan.

Die wese van geweld

Geweld het baie gesigte en kom na vore in die verhoudinge tussen mense op 'n een-tot-een basis van 'n moordenaar teenoor sy slagoffer; gemeenskappe teenoor mekaar wat geskille met geweld wil oplos; volkere in oorlogse of rewolusionêre omstandighede waar geweld vir politieke of ekonomiese redes aangewend word, en waar die staatsmag geïstitutionaliseerde geweld van vervolging gebruik om deur vrees te regeer of aan bewind te bly. Daar is egter 'n ander aanwending van geweld wat in die Afrika-politiek 'n dwingende rol speel en dit is om die massa te gebruik om ander te intimideer, of deur geweld en dood in lyn te hou.

Hoewel die konstitusie van die staat dit verbied, verhoed dit nog nie dat mense in gesagsposisies die mag misbruik nie (soos in die Zuma-verhoor sage bv.). Dit is veral wanneer geld vir eie voordeel aangewend word, of om mag te behou, dat dit korrupteer. Dit is op hierdie terrein waar die dowwe kolle oor die werklike situasie rondom geweld in die Suid-Afrikaanse samelewing en politiek verskyn. Ons kan sommige dinge vermoed maar nie alles begryp of bewys nie.

Geweldsvraagstuk in Suid-Afrika

Die vraag kan tereg gevra word of geweldsmisdad primêr ten doel het om die krimineel te verryk en of dit weerwraak impliseer. Hierdie keuse impliseer onmiddellik 'n bepaalde vertrekpunt en in die Suid-Afrikaanse model gaan dit hetsy oor kriminele verryking of oor die voortsetting van die *de facto* “struggle” of oor beide.

Vervolg op bl 9

Vervolg van bl 8

Suid-Afrikaners beleef tans misdaad wat ongekende vlakke handhaaf. Weens 'n moratorium op statistiek, die swak rapportering van misdaad, versekeringskorrupsie en 'n algemene moedeloosheid onder die geteikende burgery, is dit bykans onmoontlik om 'n feitelik-korrekte spieëlbeeld van die werklike omvang daarvan te kry. Dit is ewe moeilik om die hedendaagse vlakke van misdaad te vergelyk met ander periodes gedurende die verlede. Gevolglik bestaan daar 'n sterk tendens om die post-'94 situasie te vergelyk met die periode daarvoor. Wanneer dit gedoen word, is daar 'n persepsie dat die huidige toedrag van sake aansienlik erger is. Dit word egter maklik uit die oog verloor dat die omvang van misdaad (soos ons dit tans beleef) baie moeilik vergelykbaar sal wees met misdaad wat gepleeg is binne die vlag van binnelandse onrus wat sedert die middel 70's hoogty gevier het. Daar bestaan ernstige twyfel of die voorkoms van misdaad onder daardie omstandighede na behore bygehou was.

Wat wel waar is, is die feit dat geweldsmisdaad in die media aansienlik meer prominensie geniet as die res van die misdaadspektrum, tensy vooraanstaande individue met korrupsie verbind word. Diefstal van eiendom waarby daar geen geweld betrokke is nie, is vir alle praktiese redes nie rapporteerbaar in beide die media en by die polisie nie. Misdad van hierdie aard verteenwoordig gevolglik finansiële verlies van onbekende omvang, maar wanneer 'n 2005-raming daarop dui dat kommersiële boere R1,2biljoen gedurende 2004/2005 verloor het, is die totale verlies wat die Suid-Afrikaanse samelewing lei, onberekenbaar groot. Voeg hierby die onmeetbare lewensverlies en traumatisering van geliefdes, bure en vriende, en die werklike impak van misdaad neem afmetings aan wat onbepaalbaar groot in omvang is. Dit maak die impak daarvan op die samelewing en die ekonomie soveel groter.

Die voorkoms van misdaad word in alle waarskynlikheid beïnvloed deur misdadigers wat van mening is dat die "wins" uit misdaad groter is as die risiko van arrestasie en gevolglike strafsitting. Hierdie siening bring die perseptuele beskouing van effektiewe polisiëring en die totale kriminele regstelsel in gedrang. Dit impliseer duidelik dat die owerheid in onmag is om misdaad tot die bevrediging van die wetsgehoorsame burgery te beperk. Eweneens weerspieël dit ook die onvermoë om die burgery te beskerm. Gevolglik vind daar 'n noodgedwonge verskuiwing van onus plaas. Daardie onus rus nou op die skouers van die individu wat hetsy op sy of haar eie, maar verkieslik kollektief met ander enersdenkendes, aanvaar dat effektiewe beveiliging van lewe, gesin en eiendom voortaan 'n addisionele verpligting is.

Die reg tot beskerming

Waar staan die Skrifgehoorsame Christen nou teenoor sulke omstandighede van wetteloosheid en institusionele onderdrukking of tirannie?

Die verantwoordelikheid as 'n addisionele verpligting word skriftuurlik so saamgevat.

Christene het die verantwoordelikheid om lewe, gesin, eiendom en vrede te beskerm en te bewaar.

Verder uitgebrei (en die volle beredenering word nie nou hier gevoer nie) kan die skrifbeginsel so omskryf word. "Ons bevestig die godgegewe verantwoordelikheid van alle mense om vrede te bewaar en lewe, gesinsverband en eiendom te verdedig. Dit moet volgens Bybelse riglyne gesagdraende liggaam."


Indien ons dié uitgangspunt aanvaar is daar tegelykertyd ook die werping van standpunte wat hier teen ingaan. Dit kan weer so omskryf word: "Ons verwerp alle godsdienstige of sekulêre bewegings wat hierdie regte enigsins bedreig deur geweld, parlementêre besluitneming, nie-geweldadige protesoptogte of onderhandeling. Enige so

'n groep is revolusionêr, aangesien hulle die volgende doelstellings het:

- * *gemeenskap van goedere, byvoorbeeld volgens die sosialistiese stelsel,*
- * *om die gesag en orde van God omver te gooi;*
- * *om 'n gesentraliseerde Staat in te stel wat sogenaamd demokraties optree in belang van een of ander groep.*


Dit is reeds omdat hierdie "sosiale bewegings" in 'n onstabiele samelewing floreer dat vrees die samebinding van 'n gemeenskap vernietig of dit deur vrees laat "vries." Om daarom die warrelwind van geweld te beëindig staan teenoor geweldsmisdad, nie passivisme nie, maar vertroue. Die benadering dat ons nie die reg in eie hande moet neem nie kom hier na vore. Om reg in eie hande te neem is om die krimineel te vang, te verhoor en tereg te stel of te straf. Die verhoor en straf is 'n strafregtelike funksie van die regstelsel en is nie die taak van die burger nie, anders is hy skuldig aan wetteloosheid. Om egter die beginsel van beskerming toe te pas is 'n uitvoering van 'n goddelike opdrag wat nie aan 'n veiligheidsmaatskappy oorgegee mag word nie, want hulle is slegs ter ondersteuning van die beginsel waar die burgerlike samelewing sy beskerming van die defunksionele staat oorneem.

Geloofsgesag

Daar is talle skifgedeeltes wat die goddelike opdrag onderskryf. 'n Deeglike studie van Psalm 91 en die volle toepassing daarvan in die alledaagse lewe van gesinne kan hierdie geweldsvrees beëindig. Die selfbemaagtiging vanuit die Woord en deur die Gees eis 'n vreeslose vertroue in God se almag en beloftes van beskerming. Die geloofsgesag is só gewortel in die soewereiniteit van God wat geloofsafhanklikheid en aanvaarding van Sy goddelike beskerming vra. 

Vakke versus Leerareas

- Connie Bodenstien



In die afgelope dekade of meer het daar in Suid-Afrika dramatiese veranderinge in die onderwys plaasgevind. Baie veranderinge was vir die man op straat en vir die ouer met skoolgaande kinders, bykans nie waarneembaar nie. Selfs 'n groot getal van ons onderwysers is geflous en beskou die veranderinge as vooruitgang en ontwikkeling. Leerlinge het leerders geword. Onderwysers het fasiliteerders geword. Vakke het leerareas geword en vakdoelstellings en vakdoelwitte het uitkomst geword. Vir die oningeligte lyk dit net na naamsveranderinge en is die meeste mense gesus met die gedagte dat die inhoud en wese van onderwys onaangetas is. Ongelukkig is dit nie so eenvoudig nie. Daar skuil 'n goedbeplande aanslag agter hierdie veranderinge. 'n Aanslag teen Christelike onderwys as sulks, maar ook 'n aanslag teen die Christelike lewens- en wereldbeskouing. Meer nog, daar het 'n hele paradigmaskuif in die onderwys plaasgevind. Die einddoel is nie meer die koninkryk van die Drie-enige God nie, maar die mens self. Die ergste van alles is dat onskuldige kinders die prooi daarvan is.

Wees daarvan verseker dat daar wel 'n verskil – 'n baie groot verskil – tussen vakke en leerareas is. Vakke het vakdoelstellings en vakdoelwitte terwyl leerareas uitkomst het. Die vraag ontstaan egter nou wat die verskil behels.

Vakdoelstellings is baie duidelik omskryf en bepaal nie net die vakinhoudelike of vakkennis nie, maar veral ook die lewens en wêreldbeskouing waarteen die vakkennis ontsluit moet word. Vir ons as Christengelowiges is dit die Bybelse leer van saligheid soos verwoord in die Apostoliese Geloofbelydenis. Vakdoelstellings is dus die ruggraat van elke vak in elke graad van die skoolkurrikulum. Neem dit weg en die vak sak soos 'n jellievuis in-mekaar.

Die vaksillabusse van die verlede het ontstaan uit 'n proses van kurrikulering. Dit was gedoen deur onderwyskundiges met hoogs gespesialiseerde kennis en ervaring op hierdie gebied. Met die verskillende lewensmodaliteite, soos verantwoord kan word uit die Skrif, as uitgangspunt, is die verskillende vakke met hulle inhoud vir elke skooljaar bepaal. Hierdie bepalings moes uiteraard ook die fisiese, verstandelike en emosionele ontwikkeling van die kind in aanmerking neem. Sou dit nie gebeur nie was die leerstof vir die betrokke jaargroep óf vervelig óf bo hulle vuurmaakplek. Dit kon selfs emosionele uitvalle tot gevolg gehad het wat weer ander opvoedings-momente kon verduister. Verder moes seker gemaak word dat die volgorde waarin die vakkennis aangebied is logies en opeenvolgend was. Indien dit nie so was nie kon dit groot verwarring by die leerlinge laat ontstaan het. Voorwaar 'n ingewikkelde taak wat vra vir uiters verantwoordelike insette.

Aan die kurrikuleringsproses is daar jare van toewyding bestee. Baie tyd, energie en geld is ingeploeg om 'n werkbare en veral Bybels verantwoordbare skoolkurrikulum daar te stel.

En toe, sonder enige noemenswaardige rimpelinge in die media en onder gelowiges in die algemeen, word al die ure en dae se navorsing

en werk van die verlede sommer goedsmoeds van die tafel gevee.

Feitlik oornag sit daar in ons land se klaskamers leerders wat begelei word deur 'n fasiliteerder en die fasilitering geskied op so 'n wyse dat die verskillende leerareas se uitkomst, in diens van die humanisme bereik word.

Leerareas maak nie voorsiening vir afgegrensde vakinhoud nie. Dit maak ook nie voorsiening daarvoor dat die vak vanuit enige geloofstandpunt aangebied mag word nie. Die leerarea uitkomst is daarop gemik om die leerder se kritiese denke te kaap en hom te kondisioneer om te dink soos 'n godlose samelewing van hom verwag. Soos so baie ander dinge in die nuwe Suid-Afrika het die leerarea in 'n grys gebied beland en die uiteinde daarvan is 'n poging om slegs kennis oor te dra, terwyl agtergrond en perspektief in die slag bly. Dit is seer seker nie nodig om binne die bestek van hierdie artikel daarop te wys en te motiveer dat daar nie so iets soos neutrale onderwys bestaan nie.

Vakinhoude het nou te staan gekom teen leerareavaardighede. Die klem het verskuif van vakkennis na vaardighede. Vaardighede wat veral daarop gemik is om die humanisme te bevorder. Om die vaardighede te bemeester word vakinhoude, maar verskraalde vakinhoude en soms self ontoepaslike vakinhoude gebruik. Dit gaan egter nie in die eerste plek om die vakinhoud nie, maar om die vaardigheid. Vaardighede wat kwansuis onontbeerlik is om in die moderne veranderde wêreld te oorleef.

Soos reeds gemeld is die vakinhoude van die leerareas dramaties verskraal. In sommige gevalle met meer as die helfte. Saam met die verskrallingsproses is die agterdeur egter oopgelaat vir ander onbybelse teorieë om in te glip.

Vervolg op bl 11

Vervolg van bl 10

In byna elke leerarea word die leerder se aandag doelbewus weggelei van die Christelike godsdiens. Leerders word verplig om kennis te maak met alle godsdienste en ook om sekere vaardighede van elke godsdiens te bemeester. Kwansuis om beter begrip vir alle mense om jou te ontwikkel. So al asof godsdiens 'n keuse is. Die kind moet met alle godsdienste kennis maak, sodat hy uiteindelik 'n ingeligte keuse kan maak, word daar geredeneer. As Christengelowiges weet ons hoe ver dit van die waarheid af is. Ons is verplig om die sendingopdrag van Jesus Christus na te kom. Van die opdrag is ons deeglik bewus en tog laat ons sienderoë toe dat ons kinders in presies die teenoorgestelde rigting gelei word. Ons kinders is geestelike kanonvoer.

Saam met die sinkretisme het ook die evolusionisme by die leerareas en uitkomst se agterdeur ingeglip. Ook die evolusionisme kom in bykans elke leerarea na vore. Terwyl die evolusieteorie onder wetenskaplikes en in ontwikkelde lande 'n groot voortbestaanskrisis beleef word dit in die onderwys in Suid-Afrika as evangelie verkondig. As ons kinders die evolusionisme eers as 'n feit

aanvaar kan ons maar seker daarvan wees dat hulle die goddelike gesag van die Bybel gaan verwerp. Evolusionisme en die Bybel kan op geen manier met mekaar versoen word nie. Dis óf die een óf die ander. As ons kinders op 'n deurlopende basis vir 5 ure per dag en 5 dae per week met die evolusieteorie gevoer word, hoe gaan die ouer en die kerk met die min tyd – en soms ontoereikende kennis – tot hulle beskikking, dit regkry om die kind tot ander insigte te bring?

Laastens is die leerareas met hulle uitkomst ook daarop gemik om die kind tot die besef te bring dat hy beheer oor sy eie lewe het en hom daarom nie aan gesag hoef te steur as hy nie wil nie. Lyfstraf en alle ander vorme van straf is óf weggeneem óf so verskraal dat die doeltreffendheid daarvan niksseggend is. Nie ouers of onderwysers mag meer die roede gebruik nie. Ook weereens in weerwil van dit wat in die Bybel staan.

Die reg tot eie besluitneming – soos verkondig in die uitkomst – sonder die Christelike waardestelsel, lei verder ook tot 'n bandelose same-syn. Daarom dat daar skielik ingeryp moet word om seksvoorligting, selfs op laerskoolvlak, in te bring. Die

klem val egter nie op die weerhouding daarvan nie, maar om dit met die nodige veiligheid te laat geskied. Ook dit staan reglynig teen die Woord van God.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die leerareas met hulle uitkomst doelgerig daarop gemik is om die kind weg te lei. Weg van die aanvaarding van gesag. Weg van etiese norms en waardes. Weg van Jesus Christus en sy verlossingswerk aan die kruis.

Op 'n manier sal ons moet terugkeer na ware Christelike onderwys: onderwys met vakke, vakdoelstellings en vakdoelwitte gegrond op die Woord van God en niks anders nie. Dit help nie om leerareas en uitkomst te probeer “verchristelik” nie. Dit gaan nie werk nie. 'n Petrolmotor kan eenvoudig nie op diesel loop nie.

Miskien kan ons begin deur alle onderwysers wat nog in besit is van lesse – in verskillende vakke – wat opgestel is vanuit 'n sillabus, en met die nodige vakdoelstellings en vakdoelwitte in gedagte, vra om dit na die kantoor van die VCHO te stuur. Sodoende kan daar bundels saamgestel word vir elke vak in elke graad en kan ons minstens keer dat Christelike onderwys nie geheel en al verdwyn nie.



Wat word van geskiedenis?

Bekommernis oor die stand van geskiedenis in ons skole blyk onder meer uit skrywes soos hierdie:

In die Bylae tot die *Volksblad* van 23 Augustus skryf mev D. Geysler van Welkom in die Vrystaat o.a. soos volg: “Mense wat diep spore in die geskiedenis getrap het, raak deesdae totaal vergete. Jan van Riebeeck, Cecil John Rhodes, Dingaan en Tsjaka, Silkaats en vele ander wat tot die landsgeskiedenis bygedra het.

Die Groot Trek het plaasgevind weens politieke en kulturele verskille wat tot vandag toe 'n les in die land kan wees.

Weet ons kinders van vandag wie Piet Retief en Sarel Cilliers was en wat 16 Desember so 'n bekende dag gemaak het?

Kinders leer deesdae nie meer oor dinge soos die Eerste Vryheidsoorlog waar Paul Kruger aangestel was om Transvaal se sake te behartig nie. In 1883 is dieselfde Paul Kruger tot president van die Zuid-Afrikaasche Republiek verkies.

Die Anglo-Boereoorlog waarvan baie kinders net vaagweg bewus is het self ook 'n belangrike rol in die land en ook ons eie Vrystaat gespeel.

Jeugdige se verweer is te dikwels dat al die datums vervelig is en die inligting tog nie meer saak maak nie.

Goed en wel, maar indien die kennis nie aan ons jongmense oorgedra word nie, sal dit vir ewig verlore raak.”

Waarheen nou met Geskiedenis?

Hugo Hayes

In *Vrye Afrikaan* van 19 Mei 2006 onder die opskrif “Onbillike ‘regstellende aksie’ in SA geskiedskrywing”, verskyn ’n artikel deur prof. Fransjohan Pretorius, Historikus van die Universiteit van Pretoria, waarin dit oor die heersende warboel met Geskiedenis as skoolvak handel, en, met reg, besorgdheid enersyds oor die weglating van die aandeel van die Afrikaner, en andersyds oor die voorstelling van “sondebok en skurk”, soos daarin gestel, uitgespreek word.

Die nuwe geskiedskrywing word in ’n reeks boekies, wat deur die Instituut vir Geregtigheid en Versoening, onder die titel *Turning points in history* uitgegee word, vervat. Dié reeks word o.m. daardeur gekenmerk dat die outeurs uiters subjektief met geskiedkundige weergawes omgaan en hulle aan talle diskrepansies skuldig maak, sonder dat verskoning daarvoor aangebied word. Teen die agtergrond van die naam van die uitgewer, kan ’n redelike mens dus nie anders nie as om die werklike motief agter die verskyning van die handboeke te bevraagteken, aangesien allermins daarin geslaag word om geregtigheid en versoening te bewerk – juis die teendeel, moet verklaar word.

Ter illustrasie word sommige van die bedenklike aspekte in hierdie skoolhandboeke, wat deur prof. Pretorius in die vermelde artikel aangeraak word, uitgelig:

(i) Die ‘lofwaardige’ beplande bedoelings met die uitgee van die reeks, word deur die eindproduk veryd, aangesien die ideaal soos deur die redaksievoorsitter gestel: “to embrace not only the experiences of different groups but also to reflect the existence of divergent historical memories in the making of a shared past”, deur die inhoud daarvan geweld aangedoen word.

(ii) Hoewel enkele van die outeurs daarin slaag “om die verlede-ervaring van die verskillende gemeen-

skappe in Suid-Afrika” – soos dit in die artikel gestel word – weer te gee, word deur verreweg die meeste outeurs ’n ander betekenis as die klaarblyklake, aan die begrip ‘demokratiese perspektief’ geheg. Die gevolg is, byvoorbeeld, dat veel gewag gemaak word van die Boere se teenoptrede, met verwysing na die doding wat in 1854 by die Makapansgat plaasgevind het, in reaksie op verskeie afsonderlike voorvalle van moorde op Boere. Daarenteen; die moord op Piet Retief en sy geselskap en in Februarie 1838 op die Voortrekkerlaers langs o.a. die Bloukransrivier word geheel en al verswyg. Oor die Slag van Bloedrivier word ook nie ’n woord gerep nie.

(iii) Dit wat kennelik nie met die algemene beeld wat die outeurs oor die Afrikaner wil konstrueer strook nie, word ooglopend weggelaat. Prof. Pretorius verwys dan na ván daardie geskiedkundige momente wat hy belangrik genoeg ag om wel opgeneem te geword het, byvoorbeeld die gebeure waaraan die name van kmdt. Andries Pretorius en Piet Retief verbind word, en die feit dat in die manifes van Retief die Voortrekkers se begeerte om in vriendskap en vrede met ander groepe te bestaan, uitgespreek word.

(iv) Die bevooroordeelde wyse waarop daar met geskiedkundige gebeure omgegaan word, staan in skrilte kontras met ’n ewewigtige en objektiewe geskiedskrywing. Prof. Pretorius verwys dan na die outeur, Seleti, se weergawe in Boek 3, oor die 19de eeuse geskiedenis van Suid-Afrika. Daarin word uitvoerig oor die teorieë betreffende swart migrasies en die oorsake daarvan gehandel, egter sonder om die geweld van swart op swart te bespreek, terwyl opvallend minder aandag aan die Groot Trek afgegaan word. Verder ook die gewaande gebreke in die wyse waarop die Voortrekkers hulself polities georganiseer het, in teenstelling met

swart gemeenskappe wat kwansuis beter georganiseer sou wees.

Prof. Pretorius stel die probleem wat hy met hierdie geskiedenis-handboeke het soos volg: “Vir verreweg die meeste nie-Afrikaanse historici gaan dit om die lyding, stryd en uiteindelijke oorwinning van die onderdrukte meerderheid, dit wil sê die swart bevrydingstryd. Afrikaners word (ten gevolge hiervan – my invoeging, HJH) in negatiewe terme beoordeel en veroordeel. Soos wat daar (vroeër) in Afrikaners se nasionale geskiedskrywing ’n ‘natuurlike-probleem’ was, is daar nou ’n ‘Afrikaner-probleem.’ Afrikaners staan in die beskuldigdebank en word summier veroordeel. Hulle het niks goeds gedoen of bereik in die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie.” “Die pendulum het anderkant toe geswaai”, sê prof. Pretorius, en hy noem dit: “Hierdie onverdraagsame nuwe geskiedbeskouing ...”, waarop hy dan verder uitbrei. Hy versoek ten slotte dat op sy bydrae kommentaar gelewer word.

’n Mens moet in die eerste plek waardering teenoor prof. Pretorius betuig vir die feit dat hy ’n deeglike evaluasie van die genoemde reeks handboeke gedoen, en sy bevindinge daaromtrent sonder huiwering op skrif gestel het. Die onderwysgemeenskap kan met vrug van sy ingenome standpunte kennis neem, alvorens ’n besluit oor die gebruik daarvan geneem word. Dit is nogtans duidelik dat dié reeks handboeke die betrokkenes niks nader aan ’n oplossing vir die **problematiek wat rondom Geskiedenis in die leerarea Sosiale Wetenskappe geskep is**, bring nie. Tweedens, die oortuigende blootlegging van die verontregting sover dit die weergawe van die geskiedenis van die Afrikaner betref, sodat verbondsouers daarvan bewus kan wees.

Vervolg op bl 13

Vervolg van bl 12

Die ondertoon van die artikel deur prof. Pretorius is duidelik 'n billike verwagting dat die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing aan betroubaarheidskriteria behoort te beantwoord, waarvolgens op 'n ewewigtige en objektiewe wyse aan die bydrae van alle deelhebbers aan die Suid-Afrikaanse geskiedenis reg geskied laat word, en dié van die Afrikaner die erkenning ontvang wat dit verdien. Die poging deur die gemelde instituut voldoen ooglopend nie aan hierdie doelstelling nie, soos aangetoon, en daardie handboeke kan dus nie as geskik vir gebruik deur Afrikaner-leerlinge bestempel word nie.

Die weergawes wat in sommige Geskiedenis-handboeke wat vir Kurrikulum 2005 saamgestel is, waargeneem word, dui veelal op 'n tendens wat daarop gerig is om die Afrikaner op enige denkbare wyse te diskrediteer, soos ook die reeks waarna vroeër verwys is. In 'n handboek vir graad 6 (Pienaar, *et al.* 1996. *Verken die verlede*. Pinelands, Kaapstad: Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk. p.85) staan daar byvoorbeeld die volgende (woordeliks aangehaal) onder die opskrif: "Die Trekkerrepublieke":

"Die Trekkergroepe kon op die Hoëveld en in Natal gaan woon omdat hulle nie op hul eie teen enige van die sterk Afrikastamme moes veg nie.

Daar was altyd ander swart stamme wat saam met hulle geveg het teen die mense op wie se grond hulle wou gaan woon. Dit is wat in die 1830's gebeur het toe die Trekkers die Ndebeles verslaan het ('n verwysing na die Slag van Vegkop – HJH)."

Die erg misleidende en verwarrende indruk oor die Voortrekkers wat hierin na vore kom spreek vanself. So kan talle ander voorbeelde aangehaal word, maar hierby word volstaan vir die doel van hierdie bydrae.

Ruimte ontbreek om uitvoerig op die artikel kommentaar te lewer, derhalwe word slegs enkele gesigspunte gestel:

(i) Uit die waarneming tot dusver van verskeie Geskiedenis-

handboeke wil dit voorkom of die daarstelling van 'n betroubare produk wat die wedersydsgedeelde weergawe van die geskiedenis van Suid-Afrika bevat, 'n haas onbegonne taak is.

- (ii) Sels al sou daarin geslaag word om 'n produk wat vir al die belangegroepes in Suid Afrika 'aanvaarbaar' sal wees saam te stel, sal daarmee verlies geneem moet word dat van die beginsel van Christelik-volkseie afstand gedoen sal moet word, omdat dit tans slegs gedeeltelik in Afrikanergeleedere gehuldig word.
- (iii) Aangesien die lewensbeskoulike so nou met die geskiedenis verweef is, moet verwag word dat enige poging tot 'n geïntegreerde geskiedskrywing met innerlike konflik opgesaal sal wees, vanweë verskil van oortuiging.
- (iv) Die geweldige nadeel van geïntegreerde geskiedskrywing is dat dit belangrike geskiedkundige gebeure, soos uit die oogpunt van die belangegroep beskou, óf oorsien óf in oppervlakkigheid verval, ten einde 'n greep op die geheel te probeer behou.
- (v) Botsende oortuigings van verskillende belangegroepes lei daartoe dat gebeure van 'n wesenlik-geskiedkundige aard dikwels afgewater moet word in 'n poging tot 'versoening', óf in die laaste instansie weggelaat word.
- (vi) Die verantwoordings t.o.v. die goddelike normgewing vir die geskiedenis kom in die gedrang, omdat die belangegroepes van verskillende religieuse oortuigings is, en dus eie standpunte daarop nahou wat met mekaar in stryd kan wees.
- (vii) Geïntegreerde geskiedskrywing kan aangewend word om 'n bepaalde belangegroep van wie daar ideologies verskil word, te diskrediteer, waarvan daar nou reeds genoeg voorbeelde is.

Meer kan tot die lys gevoeg word, maar hierdie behoort vireers vol-

doende te wees om die argument wat in VCHO-geleedere teen geïntegreerde geskiedskrywing gevoer word, te steun.

Wat word gevolglik as oplossing voorgestel? In die hantering van die problematiek word vooraf eers 'n breë beginselraamwerk gestel wat as 'n 'bloudruk' vir die ordening van die heersende warboel in die betrokke leerarea kan dien. Die spesifieke probleme waarna in die artikel verwys word, word nie in sy geheel hiermee aangespreek nie, maar ten dele, aangesien dit uit die betoog deur prof. Pretorius wil voorkom of die knelpunte meervoudig van aard is, met veral die volgende, naamlik (i) die moedswillige marginalisering van die Afrikaner se geskiedenis en (ii) die doelbewuste diskreditering van die beeld van die Afrikaner.

Die hantering van die punt (ii)-problematiek lê meer op die ideologiese vlak en ander metodes vir die hantering daarvan sal gevind moet word.

Uitgaande van die veronderstelling dat daar steeds groeperinge sal wees wat aan geïntegreerde geskiedskrywing voorkeur gee, ten spyte van al die leemtes daaraan verbonde, behoort ruimte daarvoor gemaak te word hierdie opsie in die kurrikulum beskikbaar sal wees, ter keuse. Inherent aan die demokratiese idee, is die vryheid wat aan persone gebied word om tussen studierigtings te kan kies. Dit is byvoorbeeld 'n algemene verskynsel in ontwikkelende samelewings dat daar vir gespesialiseerde en nie-gespesialiseerde rigtings voorsiening gemaak word. 'n Studierigting "algemene geskiedenis van Suid-Afrika" sou op hierdie wyse sy beslag kon kry, waardeur aan geïntegreerde geskiedskrywing reg geskied laat word, en vir die geskiedkundiges wat hulle daarmee besig wil hou geleentheid geskep word. Hierdeur sal steeds aan die vereistes van Kurrikulum 2005 voldoen word, en terselfdertyd kan die poging tot 'versoening' ongehinderd sy gang gaan.

Vervolg op bl 14

Vir diegene onder die Afrikaner wat gespesialiseerd wil studeer sal daar egter op ander moontlike wyses voorsiening getref moet word. Daar is dié groep, tans oorwegend in Afrikanergeleedere, wat aan 'n wedersyds-gedeelde geskiedenis geen erg het nie, en wat voorkeur gee aan wat bestempel sou kon word as die "gespesialiseerde studierigting" in geskiedenis. Daarmee word bedoel dat, terwyl die geïntegreerde weergawe, soos wat dit uit bestaande handboeke wil voorkom, 'n breë oorsigtelike en grootliks gefragmenteerde geskiedenis as resultaat het, daar beslis aan weergawes wat hierdie tekortkominge uitskakel, oorweging gegee sal moet word. Die enigste weergawe wat hieraan kan beantwoord is daardie waarvolgens die besondere geskiedenis van 'n groep, byvoorbeeld die Afrikaner, met sy eie volksgeskiedenis, soos trouens ook dié van andere in Suid-Afrika, soos die Sotho, die Zoeloe, die Xhosa, wie se eie geskiedenis vir hulle na aan die hart lê, gedokumenteer word. Die voordeel van sodanige weergawe(s) is dat 'n historiese eenheidsbeeld wat veral vir geskiedenis belangrik is, bevorder, en diepgang in die bestudering van die geskiedenis bereik word. (Daarmee word tegelyk aan erkende opvoedkundige doelwitte beslag gegee.) **Wat dus voorgestaan word, benewens 'n algemene, soos in die vorige par. aangetoon, is die ontwikkeling van 'n gelyklopende gespesialiseerde studierigting in Geskiedenis wat die volksoortige geskiedenis bevat van daardie groepe wat daarom vra. Die feit dat die Afrikanergeskiedenis in verskeie pogings tot 'n geïntegreerde weergawe nie tot sy reg kom, en dit ook nie verwag word dat dit in die toekoms sal gebeur nie, bied voldoende motivering vir 'n afsonderlike weergawe wat wel daarvoor voorsiening maak.**

Die primêre vereiste vir die samestelling van 'n handboek, hetsy vir Geskiedenis of welke ander studieveld ookal, is dat dit vanuit die Skrif benader moet word, ten einde daaraan 'n Christelike fundering en inslag te verleen. Van die geïntegreerde geskiedbeskrywings wat tot dusver verskyn het, moet ongelukkig verklaar word dat, met

die uitsondering van grepies hier en daar, dit ontbreek aan 'n konsekwent Christelike perspektief. Dié toedrag van sake is ook goed te begrype. Sodra die geskiedenis vanuit 'n Christelike perspektief beoordeel word, is daar groeperinge wat ongemaklik raak, omdat hulle vanuit 'n ander religieuse ingesteldheid na die geskiedenis kyk. Dit is dus onwaarskynlik dat die geïntegreerde geskiedskrywing ooit aan hierdie vereiste sal kan voldoen – 'n verdere diskwalifikasie.

Die uitgespelde behoefte dat dit dringend noodsaaklik geword het dat handboeke wat (i) Christelik gefundeerd is en (ii) na die eie volksaard saamgestel is, hul verskyning maak, word hiermee benadruk. Om daaraan uitvoering te gee, is 'n ander saak, gegewe die insette wat aan befondsing en skryf- en redigeerwerk geverg word. Die hoofbestuur van die VCHO het hom reeds by besluit daartoe verbind om te begin werk aan 'n ensiklopediese geskiedkundige weergawe oor die Afrikaner, ooreenkomstig die Christelik-volkseie grondslag, wat vir gebruik deur skole geskik sal wees, en is in die proses om medewerkers te identifiseer. Tot tyd en wyl hieraan beslag gegee kan word, sal 'n tussentydse uitweg gevind moet word.

Dit word besef dat sommige handboeke van die verlede wat die volkseie weergawes van die geskiedenis van die Afrikaner bevat, in bepaalde opsigte tekortskiet aan die primêre vereiste soos hierbo gestel. Handboeke wat betroubare weergawes bevat, alhoewel dit miskien plek-plek aan die Christelike perspektief ontbreek, hoef nie noodwendig verwerp te word nie, maar kan steeds gebruik word, met die voorbehoud dat die religieuse perspektief dan bygewerk word. Is daar nie van ons lede wat oor sodanige handboeke beskik en oordeel dat dit nog geskik is vir gebruik, of wat weet van iemand wat nog daarvoor beskik nie? Wil u dan nie met die Vereniging skakel oor die moontlikheid dat die boeke by 'n sentrale punt byeengebring kan word vir bewaring en herdistribusie nie?

Dit is haas ondenkbaar dat Christen-Afrikanerouers daarmee gediend sal

wees dat hulle kinders aan die soort geskiedenis waarteen prof. Pretorius te velde trek, blootgestel word. Dit staan immers (i) lynreg in stryd met wat oor die voltrekking van die Raadsplan en die Voorsienigheid van God-drieënig bely en geglo word, en (ii) is dit 'n aantasting van die wese van die kultuurwerk van die Afrikaner wat onder die genadige beskikking van God tot stand gebring is – met al die gebreke – omdat ons nog nie in die volmaakte bedeling is nie. Dat daar in die dokumentering van gebeure vanuit die perspektief van die Afrikaner na die geskiedenis gekyk is, kan hom nie ten laste gelê word nie. Enige volk op aarde veroorloof hom daardie voorreg om sy eie kultuurerfenis vir die nageslag te bewaar en deur te gee. Daarin is hy getrou aan sy goddelike roeping in die wêreld, en teenoor opvolgende geslagte. Indien die geskiedskrywing **ten doel het** om ander volkere te benadeel, kan dit nie goedgepraat word nie. Dit is egter moontlik dat volkseie geskiedenis deur andere vertolk word as dat dit aanstoot gee, maar die antwoord daarop is nie daarin geleë dat met volkseie geskiedenis weggedoen kan word, soos wat deur die New Age-denke voorgestaan word nie.

Daar kan nie toegelaat word dat op die wyse soos in prof. Pretorius se artikel uiteengesit, met die Afrikaner se geskiedenis omgegaan word nie, en dieselfde geld t.o.v. die ander volkere van Suid-Afrika. Die dokumentering van die eie geskiedenis kan derhalwe nie aan volksvreemdes oorgelaat word nie. Hierdie voorreg berus by die Historici van die betrokke volk. Enige eksterne pogings, hoe goed ookal bedoel, moet derhalwe afgewys word. Die Afrikaner sal self sy roeping in hierdie verband moet nakom. Daarom word die dringende uitnodiging tot volksgenote gerig om hul bydrae te maak, sodat ons nie ander in die oë hoef te kyk om te weet hoe ons eie geskiedenis daar uitsien, en die risiko loop om uiteindelik met 'n verknoeiwe weergawe na ons kinders te moet gaan nie. Mag dit ons gespaar bly!



DIE JONGSPAN



Tannie Aletta

Dagsê Maats,

Ons het reeds die einde van die derde kwartaal van die jaar bereik. Dit laat 'n mens dink aan 'n wedloop waaraan ons almal deelneem. Daarmee bedoel ek nie die gejaagde lewe waaraan ons al gewoon geraak het nie. Nee, dit is daardie een waarin jy en ek elke jaar nóg 'n deel van die 'afstand aflê' van ons aardse lewe wat ons al nader bring aan die eintlike doel van ons bestaan op aarde. Ons kan dit die wedloop van die lewe noem. Elke mens neem hieraan deel, en elkeen hardloop sy eie afstand en op sy eie manier, want ons is elkeen uniek. Hoe ver elkeen uiteindelik moet hardloop is nie belangrik nie, maar wel hóé ons dit doen. Elke Bybelse gelowige is ook in hierdie wedloop gewikkel, 'n marathon-wedloop waarin ons moet 'vasbyt' om die wenstreep te bereik. Die meeste van ons weet van die Comrades-marathon, en dié van ons wat al self daaraan deelgeneem, of dit oor die televisie dopgehou het, sal weet dat dit nie 'n maklike wedloop is nie. Die atleet wat vir daardie wedloop inskryf moet goed voorbereid wees, aangesien dit 'n afstand is wat besonder moeilik is om te hardloop. Selfs iemand wat goed geoefen is moet weet hóé om dit te doen, sodat hy of sy die hindernisse wat baie deelnemers ervaar sal kan oorkom. Dit gebeur soms dat 'n atleet nie by die eindpunt aankom nie, omdat die wedloop vir hom of haar te veel word. Wanneer

iemand nie die eindpunt van so 'n vermoeiende wedloop bereik nie, is dit natuurlik 'n teleurstelling, maar dit beteken nie die einde van die wêreld nie. Maar in die wedloop van die lewe is dit egter anders gesteld. Daarin is dit wel van lewensbelang dat die 'geestelike atleet' die wedloop enduit voltooi, want, indien hy of sy dit nie doen nie, hou dit katastrofiese gevolge in. In *Die Bybel*, die Woord van die Here, verneem ons van hierdie soort wedloop op pad na ons ewige bestemming. Daar is **noodsaaklike dinge wat ons moet weet**, sodat ons nie halfpad tou opgooi nie, maar ons in hierdie wedloop sal inspan, want sodoende sal ons die oorwinning kan behaal. Ek het ds. Henk Taute van die Bloemvalleise NG-gemeente gevra om ons meer van hierdie wedloop te vertel.

Kom ons lees eers 1 Korintiërs 9: 24 - 27 en Hebreërs 12: 1 & 2 in die Nuwe Testament van *Die Bybel*

Hieroor sê ds Henk die volgende:

DIE WEGSPRINGPLEK: Elke wedloop het 'n beginpunt, daar waar die atlete hulle plekke inneem. Wanneer die afsetter se skoot knal spring elke atleet met alle krag en vaart weg en nael so vinnig as hy kan na die eindpunt. So het die Christelike wedloop ook 'n duidelike beginpunt of wegspringplek; dit is wanneer die Heilige Gees in jou hart werk en jou 'n nuwe mens maak sodat jy vir Christus in jou lewe innooi en tot bekering kom. Dan word dit heerlik om in die Christelike atletiekkeure te hardloop – daar is so baie mense wat saamhardloop en die skare op die pawiljoen (die gelowiges wat ons al vooruitgegaan het) is dié wat die oorwinning reeds smaak. Maat, is jy al in in die wenspan

wat hulle lewens aan die Here Jesus oorgegee het? Of hardloop jy nog vir die wêreld?

OEFENING EN DIE REGTE KLERE: Die beloning van 'n wedloop was destyds 'n *lourierkrans*. Paulus sê dat 'n mens só moet hardloop dat jy die prys kan behaal. Dit verg harde oefening, daaglikse inspanning en opoffering. Oefening en regte kos beteken dat jy as Christen jou Bybel sal bestudeer en so die regte *geestelike* kos inneem, en ook met ander Christenmaats sal bymekaar kom, in die kerk/ kategeese en ook Bybelstudie-geleenthede. 'n Atleet kan ook nie met 'n swaar jas en stewels vinnig hardloop nie; net so moet die atleet in hierdie span die laste afgooi – met *laste* verwys ons na sonde, wat ons so maklik terugrem in die geestelike wedloop. Bely jou sonde, gooi dit af en laat dit agter.

DIE EINDPUNT: Die doel eindpunt van die geestelike wedloop is om al meer vernuwe te word na die beeld van Christus en die EWIGE LEWE te verkry. Ons Verlosser staan by die eindpunt, ontmoetingspunt daarvan. Hebreërs 12: 2 sê ons moet ons oë op Hom hou [soos 'n Gr1-kind wie se vader vir hom by die wenpaal wag], dan sal ons kan volhard tot by die eindpunt. Maat, hou vol, voltooi die wedloop! SY GENADEKROON WAG OP JOU!

'N GEDAGTE OOR GELOOF

Om seker te wees, beteken dat 'n mens met jou verstand aan die waarheid van 'n saak vashou. Om te glo, beteken dat jy ook so in jou hart oortuig is van die waarheid daarvan, en bereid is om jou vertrou daarin te plaas.



HG Stoker nalatenskap

Laserskyfpublikasie

Kosbare werk is die afgelope tyd gedoen om die belangrike akademiese nalatenskap van wyle prof HG Stoker te dokumenteer met die doel om dit op laserskyf beskikbaar te maak. Prof Stoker, erkende Christen-filosoof, het die Leerstoel aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO beklee, en wat bekend is as die Wysbegeerte van die Skeppingsidee ontwikkel, wat in Suid-Afrikaanse konteks as baanbrekerswerk geëvalueer word en aan hom internasionale aansien verleen het wat gelyk staan aan van die grootstes in die wêreld op die gebied van Gereformeerde Filosofie.

Die werk wat onder leiding van prof Andries Raath van die Vrystaatse Universiteit gedoen is, met die medewerking van die Potchefstroomkampus van die Noordwes Universiteit en belangrike bydraes van twee van ons hoofbestuurslede, prof Pieter Stoker en dr Henk Stoker, seun en kleinseun van wyle prof Stoker onderskeidelik, nader nou voltooiing. Dit behels 'n geklassifiseerde gedokumenteerde weergawe van die akademiese werk van prof Stoker gedurende die tyd dat hy aan die gemelde Universiteit verbonde was. Die werk sal na ver-

wagting in die loop van Oktober van hierdie jaar op laserskyf beskikbaar wees en kan van die Vereniging, wat die werk onderneem het en ook as uitgewer sal optree, aangekoop word.

Belangstellendes in die laserskyfpublikasie kan met die kantoor skakel en solank hul besonderhede deurgoo. Die tel nr is 051 - 448 9160/4464. Ons wil ons lede sterk aanmoedig om 'n eksemplaar hiervan te bekom, en die publikasie in die kringe waar u beweeg bekend te maak. – Red.



Spesiale Uitgawe van die *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*

In die vorige uitgawe van ons tydskrif is oor die aktuele colloquium oor aborsie, die kerke en die reg, wat in Maart in Bloemfontein plaasgevind het, berig. Goeie nuus oor die referate van die onderskeie deelnemers daaraan is dat dit in 'n spesiale uitgawe van die Vereniging se *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* gebundel gaan word. Die publisering

daarvan as artikels geskied met die vergunning van die Vrystaatse Universiteit. Die artikels word tans versamel en geredigeer, met die oog hierop. Die spesiale uitgawe sal na verwagting teen die einde van Oktober van hierdie jaar verskyn. Gereelde intekenaars op die tydskrif sal die uitgawe komplimentêr ontvang. Enige ander belangstellende

kan die spesifieke uitgawe teen R20 per eksemplaar bekom. Skakel die kantoor en plaas u bestelling, indien u nie 'n intekenaar op die tydskrif is nie, of teken in teen so min as R40 per jaar en ontvang al die uitgawes vir 'n besondere jaar. Die tel nr is (051)- 448 9160/ 4464. – Red.



Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
EN
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C Bester
KERNREDAKSIE: Prof AWG Raath,
Prof DFM Strauss.



Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Barnesstraat 41
Bloemfontein 9300

Tel. (051) 448 9160 of
(051) 448 4464
Faks (051) 448 4669
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
<http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof AWG Raath (Bloemfontein, Voor-
sitter), Mnr. S le Comu (Potchefstroom),
Prof PH Stoker (Potchefstroom, Onder-
voorsitter), Ds G van Heerden (De
Deur), Prof R Marè (Pretoria), Prof IH
Horn (Pretoria), Ds G Opperman (Brits),
Dr HG Stoker (Pretoria), Prof EJ van
Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H Hefer (Brak-
pan), Ds FJ van der Merwe (Koster),
Prof JAE Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr HJ Hayes